

STELLENBERG GEMEENTE

DATUM : 13 SEPTEMBER 2020

TEKS : GENESIS 22

TEMA: GELOOF IS NIE KINDERSPELETJIES NIE

AFKONDIGINGS

- Welkom
- Kyk na afkondigings

GOD NOOI ONS UIT OM TOT RUS TE KOM

Dit is Sondag, die Here het ons dit as rusdag gegee. Daarom nooi Hy jou ook om rustig te raak by Hom. Daar waar jy is vanoggend, nooi Hy jou om by Hom te kom rus

God is vir ons 'n toevlug en 'n beskerming.

Hy was nog altyd bereid om ons te help in nood.

Daarom is ons nie bang nie, al gee die aarde pad,

al skuif die berge tot in die dieptes van die see,

al druis en skuim die waters van die see,

al skud die berge deur sy onstuimigheid.

Sal ek bedaar en erken dat die Here God is,

hoog bo die nasies, hoog bo die aarde.

Die Here, die Almagtige, is by ons, die God van Jakob is vir ons 'n beskutting.

Amen (uit Ps 46 2-4, 11-12).

SEËNGROET

Genade en vrede vir julle van **God die Vader**

En van **God die Seun**

En van **God die Heilige Gees**. Amen

SKRIFLESING

Ons is in September besig met 'n reeks oor berge. Vandag staan ons stil by die berg Moria. By hierdie berg het een van die mees ontstellende verhale af gespeel. Dis die verhaal van Abraham en Isak wat ons in Genesis 22 lees. Dit is een van daardie tekste wat jou voorveronderstellings van God uitdaag. Wat jou laat wonder oor God. Wat jou laat wonder oor Abraham. Dit is 'n gedeelte wat jy eintlik anders wil uitlê, sodat dit aanvaarbaar kan raak vir 'n moderne lewensgevoel.

Vir baie van ons is dié teks in Genesis 22 in ernstige konflik met die moderne begrip van die wêreld en die mens. Waar is die naasteliefde in dié verhaal? En die versoeking is dan om die teks te herinterpreteer dat 'n mens die konflik wat dit met ons moderne denke het, kan verwyder. Alles om die ontstellende kante van die teks en van wat dit oor God en menswees sê, aanvaarbaar te maak vir hoe ons vandag oor die lewe dink.

Maar, dan sal ons die belangrike boodskap van hierdie teks mis. 'n Boodskap wat juis óns voorveronderstellings wil uitdaag. Wat ons pogings om die Skrif mak te maak, ontbloot. Hierdie verhaal konfronteer ons met die erns van ons geloof.

- Lees Genesis 22

EPIKLESE

O Here, onuitputlike bron van alle goeie dinge,
ons eer U vir die gawes van u liefde.

Gee dat ons u Woord hoor
met die opregte begeerte om te ontvang wat dit belowe
en te gaan doen wat dit van ons vra.

Grafeer u Woord nie net in ons verstand nie,
maar ook in ons harte.

Verander ons deur die Heilige Gees
om al hoe meer aan die beeld van u Seun gelyk te word.
Ons wil ons verwonder aan u heerlijkheid
terwyl ons in die helder spieël van U Woord kyk. Amen.

WOORDVERKONDIGING

INLEIDEND

In lockdown tyd het ons as gesin kans gekry om weer 'n paar speletjies te speel. Ons het pictionary, 30 seconds en rummy met kaarte gespeel. Om so saam te speel was vir ons kosbare gesinstyd. Dit het my laat dink aan die se-ding: "Iets is nie kinderspeletjies nie". Ons se soms bv. "Om 'n bestuurder te wees, is nie kinderspeletjies nie". Of 'n vraestel was nie kinderspeletjies nie. Wat beteken dat dit moeilik is.

Die afgelope week toe ek met hierdie teks besig was het ek weereens besef: "Om te glo is nie kinderspeletjies nie" Dis regtig 'n moeilike ding. En dit wat God van ons verwag, kan soms baie uitdagend en moeilik wees. Dit is nie altyd maklik om die Here te dien nie. Die Here stel baie hoë eise. Hy se immers: "Wees heilig, want ek is heilig." Ons se vanoggend vir mekaar: "Om te glo is nie kinderspeletjies nie" Soms voel mens jy kan nie voldoen aan die eise wat die Here stel nie. Want om die Here te dien, omvat baie meer as om net kerk toe te kom en jou Bybel te lees en te bid. Dis selfs meer as om aktief betrokke te wees by kerklike aktiwiteite. Godsdienst is nie net 'n filosofie nie. Dit is nie iets waaroor net gepraat kan word nie. Dit omvat ons hele lewe en elke liewe aspek van ons lewe. Dit is presies wat Abraham in hierdie verhaal besef het.

ABRAHAM BESEF GELOOF IS 'N ERNSTIGE SAAK

Die inleidende vers van hierdie gedeelte gee reeds die storie weg. Dit gaan oor 'n geloofstoets. Hierdie toetsing van Abraham se geloof was 'n saak van lewe en dood vir hom. Nie maar net sy fisieke lewe nie. Nee, dit gaan oor die voortbestaan van sy geloof in God. Die voortbestaan van die beloftes wat God aan hom gemaak het van 'n groot nageslag. Abraham word gekonfronteer met hoe ver hy dit met God sal waag in geloof. Sal hy in God glo al word die mat volledig onder sy voete uitgeruk? Al verdwyn al die sekerhede en selfs die beloftes van God? Al maak niks meer sin nie? Al word van hom dit gevra wat teen alle menslike wysheid indruis?

Dit is so dat Abraham sekerlik hier aan die strafste toets vir die gehoorsaamheid aan God blootgestel word. Dit gaan in hierdie verhaal beslis om 'n radikale toets van gehoorsaamheid. En Brueggemann sê hieroor: *"Only now we see how serious faith is."* Inderwaarheid in hierdie verhaal besef ons hoe ernstig God is oor ons geloof in Hom.

Daar is geen onduidelikheid oor waarheen Abraham moet gaan en wat hy moet doen nie. Die verskriklike eis wat die Here stel is duidelik. Nou moet ons darem onthou dat dit aansluit by die

gebruik van die ander volke in die ou Nabye Ooste. Hulle het die gebruik gehad om die eersgeborene te offer. Dit het hulle gedoen om daarmee hulle dankbaarheid aan hulle gode te erken en in die geloof dat hulle dan juis baie kinders sou hê. Dit word later in die wette in die Ou Testament egter streng veroordeel en belet.

Maar Abraham het hierdie opdrag ontvang om vir Isak te offer. Vir Abraham was sy geloof in God dus op die spel, en alles wat tot dusver in die geloof met hom gebeur het. Soos Luther gesê het: *"Hierdie toets is veel erger as die versoekings wat uit die vlees opkom of deur die duiwel oor ons pad gestuur word. Die Here se opdrag om Isak te offer is die terugkeer na onvrugbaarheid. Geen toets kon groter wees as dit nie."*

Ná God se belofte in Genesis 12 van 'n nageslag wag Abraham vir 25 jaar op die vervulling van die belofte. En nou dít! Raak dit nie nou te veel nie? Abraham beleef die donker kant van God. Hy bevind hom in 'n tunnel van Godsverduistering, want God self tree anders op as wat Hy belowe het. God vra terug wat Hy gegee het. God krap 'n kruis deur wat Hy belowe het. God vra nie net sy kind, sy enigste, sy liefing nie. God vra die ganse toekoms en hoop wat Hy aan Abraham gegee het. Abraham sou kon vra: Bedoel God dit ernstig met my?

Calvyn skryf na aanleiding van Genesis 22: *"Abraham moes die genadebrief eiehandig verskeur en in die vuur werp. Niks behalwe dood en hel moes in hom agtergebly het nie. Sy siel moes grusaam geskud gewees het en swaar geskok gevoel het toe hy met God self en met sy Woord in konflik kom en hy die hoop en die seën moes begrawe."*

God het nie vir Abraham gevra om maar net te offer nie. Nee, Hy het gevra dat Abraham sy enigste seun sal gaan offer. Die seun waarvoor hy jare al gewag het. Sy alles, sy lewe. En Abraham was gehoorsaam. Abraham was bereid om alles vir God terug te gee. Hy het inderdaad die geloofstoets geslaag.

GELOOF IS VIR GOD 'N BELANGRIKE SAAK

Ons se vandag vir mekaar geloof is nie kinderspeletjies nie. En dis waar want **God vra onverdeelde lojaliteit**. Hy is 'n jalouse God. Hy soek nie mededingers in ons lojaliteit nie met Hom nie. *"Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel"* (aangehaal uit Deut. 6:5) *en met jou hele verstand. Dit is die grootste en die eerste gebod.*" (Matt. 22:37-38).

Soos dit die geval was met Abraham, só vra Jesus dit van elkeen van ons. Hy vra 'n dissipelskap wat bereid is om jou eie kruis te dra, om te sterf vir jou eie belange en God se belange absoluut eerste te stel, selfs al is dit moeilik, selfs al is dit ontstellend, selfs al kos dit jou wat ook al. Jesus vra dat daar 'n afstand kom tussen jou lojaliteit aan God en alle ander dinge in jou lewe. Hy moet eerste gestel word in jou lewe. Dit is alles of niks. Dit is hoe ernstig geloof is.

HOE ERNSTIG IS JY OOR JOU GELOOF?

Wat ons bring by vandag en ons eie geloof in God. Is jou geloof ook vir jou 'n ernstige saak? Of is dit iets wat so op die sideline bedryf word? So af en toe aan aandag gee. Of leef jy jou geloof elke dag uit. Ons kan seker weet God sal nie van jou vra om jou seun of dogter fisiek te offer nie. Hy kan en sal egter van jou vra dat jy Hom eerste stel in jou lewe. Dat jy in die eerste plek lojaal aan Hom sal wees en bly. Selfs al word jy daarin getoets. Brueggemann skryf as volg hieroor: *"God tests to identify his people, to discern who is serious about faith and to know in whose lives he will be fully God"*

Die Here verwag totale oorgawe van my en jou. Niks anders nie. Nie 'n halfhartige en ek sal 'n deeltjie gee nie. Dit is nie goed genoeg nie. Ek wil amper vir jou se. Jy kan dit maar los. Die Here verwag jou alles.

Daarom beteken geloof nie net dat ons alles moet doen wat die Here direk vir ons sê in die Bybel nie. Dit gaan nie daaroor om net die Tien Gebooie en die Groot Gebod van liefde te onderhou nie. Dit eis ook dat ons so moet leef dat almal wat met ons in aanraking kom, die Here in ons lewens en ons dade moet raaksien. Ander moet die Here hoor praat as ons praat. Moet die Here sien werk in ons werk. Moet die teenwoordigheid van die Here ervaar in ons teenwoordigheid. Om die Here te dien, vra volkome toewyding. Nie net 'n halfhartige nou en dan geloof nie. Dit vra alles van ons.

TEN SLOTTE

Want op 'n ander berg het God alles vir ons gegee. Op Golgota het God Sy hele hart vir ons gegee, Sy enigste Seun. Daarom vra Hy ook van ons, ons alles. Om die Here te dien, is nie aldag maklik nie. Dit is inderdaad nie kinderspeletjies nie. Veral in die uitdagende tye waarin ons leef in ons land. Wat die Here ons wel belooft, is dat Hy ons nooit in die steek sal laat nie. Hy sal altyd by ons wees. Hy help ons met ons geloofsreis deur die lewe.

Spaanse Geloofsbelydenis

Ons glo in God die Almagtige,
Skepper van die hemel en die aarde;
Skepper van alle nasies en kerke;
Skepper van alle tale en rasse.

Ons glo in Jesus Christus, sy Seun, ons Here,
God wat mens geword het as 'n mens vir die mensdom,
God wat mens geword het in tyd vir alle tye,
God wat mens geword het in een kultuur vir alle kulture,
God wat mens geword het in liefde en genade vir die hele skepping.

Ons glo in die Heilige Gees
deur Wie God in Jesus Christus sy teenwoordigheid
bekend maak in ons mense en in ons kulture,
deur Wie God, die Skepper van alles wat bestaan, aan
ons die krag gee om nuwe skepsels te word,
Wie se oneindige gawes ons een liggaam maak: die
liggaam van Christus.

Ons glo aan die kerk wat universeel is, omdat dit die
teken van God se heerskappy is,
Wie se getrouheid in al sy skakerings getoon word
waar al die kleure saam net een landskap teken, en
alle tonge dieselfde lof besing.

Ons glo aan die (finale) heerskappy van God –
die dag wanneer al die kleure van die skepping 'n harmoniese reënboog sal vorm,
wanneer alle mense sal deelneem aan 'n vreugdevolle feesmaal,
wanneer alle tonge in die heelal dieselfde lied sal sing. AMEN